



SA se eie Sling 'ideale boerevliegtuig'

Die Suid-Afrikaans vervaardigde Sling is reeds 'n legende in lugvaartkringe. Dit het baie te doen met die manne wat dit ontwikkel het, wat self avontuurlustige vlieëners is.

Boere wat vliegtuie besit, is boere, maar ook deel van 'n groter gemeenskap wat passievol is oor vlieg. Ja, hulle gebruik hul vliegtuie om hul boerdery suksesvoller te bestuur, maar in hul hart hou hulle van alles wat met die lugvaart te doen het.

Jy kan nie deel van die lugvaartgemeenskap wees en nie weet van Sling-vliegtuie nie. Dié trots Suid-Afrikaanse vervaardiger en sy eienaars is legendes in die bedryf. Boere wat aan *Landbouweekblad* se **Vliegtuig vir 'n boer**-reeks deelneem, was opgewonde om in twee van Sling se vliegtuie – die High Wing en TSi – te vlieg. Hierdie vliegtuie word plaaslik gebou en het wêreldwyd 'n reputasie verwerf as bekostigbare vliegtuie van uitmuntende gehalte wat danksy die eienaars



MP de Jager (regs), wat by Cornelia boer, saam met James Pitman, mede-uitvoerende hoof van Sling Aircraft, in die Sling TSi.

met 'n tikkie avontuur geveerf is. “Dit was vir my die hoogtepunt,” het Japie van Niekerk ná 'n vlug in die High Wing gesê. “Ek het my Amerikaanse vlieglicensie en ek gaan elke jaar Kalifornië toe om my toetse daar af te lê. Die ouens daar vra my elke keer of ek die mense van Sling ken. Dan sê ek nee, maar ek weet van hulle. Nou kan ek sê ek het saam met een

van die base gevlieg.” Japie het saam met James Pitman in die High Wing gevlieg. James is die mede-uitvoerende hoof van Sling Aircraft en het saam met die stigter, Mike Blyth, die lugvaarttoneel getref toe hulle in Julie 2009 met die prototipe van die oorspronklike Sling 2, bekend as ZU-TAF, om die wêreld gevlieg het. Dit was 'n reis van 45 000 km in 40 dae.

Vlieg hoog. Die boere was opgewonde om in Sling se vliegtuie te vlieg en die High Wing het hulle veral beïndruk met sy hanteerbaarheid, brandstofverbruik en ruimte.

FOTO'S: BRAND REPUBLIC

Van die vliegafstande was 22 uur lank in hewige weerstoestande.

Daarna het die viersitplek-Sling 4 en nóg 'n reis om die wêreld gevolg. Toe was dit die Sling TSi met sy Rotax 915 iS- of Rotax 916 iS-enjin, en daarna die Sling High Wing, wat die modernste vliegtuie in die Sling-stal is.

Sling word bedryf vanuit drie toegewyde komplekse rondom Johannesburg met meer as 460 personeellede. Hulle vervaardig bykans elke komponent self, gebruik die beste materiaal en pas streng gehaltebeheer toe.

Sling vervaardig sowat 16 tot 20 vliegtuie per maand. 'n Groot deel van sy mark is in die buiteland, veral Amerika.

WIE IS ONS BOERE?

Ses Suid-Afrikaanse boere wat almal hul eie vliegtuig of helikopter besit, het aan *Landbouweekblad* se **Vliegtuig vir 'n boer**-reeks deelgeneem. Die boere het oor drie dae in sewe verskillende vliegtuie gevlieg om meer te wete te kom oor die tegnologie, hanteringsvermoë en hoe dié vliegtuie moontlik by hul boerderye kan inskakel. Die reeks is by die wildplase Witgat en Onrus buite Dwaalboom in die Thabazimbi-distrik, Limpopo, verfilm.



Piet du Toit, Hoogenbomen, Lindleyspoort, Noordwes. Piet het die vee-en-lusernplaa Hoogenbomen ontwikkel tot 'n top-wildteelplaas, en skryf 'n groot deel van sy sukses toe aan die onselfsugtige raad van ander telers, ervare veeartse en sakementors. Hy gebruik nuwe navorsing en innoverende sakemodelle om sy onderneming te laat floreer. Piet het 'n helikopter en gebruik ook helikopters vir wildhantering.



MP de Jager, Welbedacht, Cornelia, Vrystaat. MP bedryf 'n gemengde boerdery, hoofsaaklik sojabone en mielies, gebruik soveel moontlik tegnologie en pas presisieboerdery toe. Hy plant ook hawer, tef en verskillende voergewasse vir vee – vir beweiding en die maak en verkoop van bale. Hy boer met Bovelder-beeste en Dohne-Merino-skape. MP het sy eie vliegtuig.



Tokkie Botes, Skeerpoort, Noordwes. Tokkie boer met gewasse en bedryf saam met sy vrou, Marina, die brandstofverspreidingsmaatskappy Skeerpoort Verspreiders, wat grootmaatbrandstof op persele oor die hele Suider-Afrika heen hanteer. Hulle het in 2003 met een vragmotor begin om brandstof aan boere in die Magaliesvallei te verskaf, en het uitgebrei tot 'n maatskappy met grootmaatopbergingsgeriewe op Skeerpoort, Brits en Thabazimbi. Tokkie vlieg 'n helikopter.



Japie van Niekerk, hoof van Kalahari Genetics. Dié Noord-Kaapse wildteelonderneming versamel top-teelmateriaal van Kalahari-wildspesies in Suid-Afrika en Namibië om hierdie bloedlyne te kombineer sodat die wild in hul natuurlike habitat kan floreer. Die maatskappy konsentreer daarop om volhoubare praktyke in die wildteelbedryf te bevorder. Japie vlieg sy eie vliegtuig.



Drinus van Zyl, Rooiwal Boerdery, Kakamas. Drinus boer met rosyne, wild en skape in 'n familieboerdery wat al byna 'n eeu bestaan. Hy noem homself 'n woestynboer en is baie afhanklik van die klimaat om die regte patrone te volg vir 'n goeie druiweoes en die droog van rosyne. Sy wild en skape is op ander plase in die Kakamas-omgewing. Drinus vlieg reeds jare lank sy eie vliegtuig.



Arno Joubert, ALS-groep. Arno is die seun van Cas Joubert wat 35 jaar gelede saam met sy broer Thys en James Hannibal die ALS-groep op Newcastle gestig het. Die groep het hom destyds meestal op plaasbouwerk toegespits. Intussen het dit gegroei en na ander bedrywe uitgebrei, maar die kern bly gediversifiseerde landbou. Die maatskappy boer in vier provinsies op 60 000 ha. Arno vlieg 'n helikopter.

Die ouboet

Die High Wing het vier sitplekke en bied lekker ruimte aan die vlieëner en passasiers. Die vliegtuig wat die boere op die dag getoets het, het langafstand-brandstofteknas wat 250 liter hou en jou 8,5 uur vliegtyd gee. Die beste van alles is dat jy 95 MOGAS (loodvrye motorbrandstof) of AFGas kan ingooi.

Nog 'n groot voordeel is sy onderhoudskoste – in dié stadium geskied gewone onder-

houd elke 100 uur of jaarliks.

“Ek wou nog altyd voel hoe 'n Sling vlieg en nou weet ek waarom almal een wil besit,” sê Tokkie Botes.

Hy vertel dat hy al lank James en Kie se avonture op YouTube dophou en hy wou graag voel hoe 'n vlieëner dit sal ervaar.

“Dit is 'n wonderlike vliegtuig. Die uitsig wat jy het, is uitstekend. Jy sal wild kan tel en plaaspatrollies kan doen. Die vliegtuig het 'n kort opstyg- en

landingsafstand. Sy funksies is maklik en hy beheer ook maklik. Dis regtig die ideale boerevliegtuig,” sê Tokkie.

Dit was ook Japie se siening van die High Wing: “Hy kan baie stadig vlieg én hy kan baie vinnig vlieg. Jy sal dus jou plaas kan inspekteer, jou landerye kan ondersoek en spilpunte of drade kan nagaan.”

Japie beskryf die High Wing as 'n baadjie met 'n goeie snit wat jy aantrek. “Alles in die

vliegtuig voel of dit net reg pas. As jy die stok vat om te draai, doen hy dit onmiddellik. As jy wil daal, doen hy dit. Ek was lanklaas só beïndruk met iets soos met hierdie vliegtuig.”

Die kajuitruimte was vir Arno Joubert lekker. Hy is byna 2 meter lank en hy wil nie te knap sit nie. “Die spasie is lekker en jy sit 'n bietjie meer regop.”

Arno het self met die vliegtuig opgestyg en sê dit is só maklik om te vlieg dat iemand dit ▶



Die Sling TSi is dié vervaardiger se viersitplek-vliegtuig met lae vlerke, 'n sportiewe voorkoms en gehalte-afronding.

hantering van die TSi. “Ons het skerp draaie maklik bemeester en hy het sy hoogte mooi in die draaie gehou.”

Piet du Toit sê hy het al baie gehoor van die Sling en die vlug het 'n indruk op hom gemaak. “Dié klein vliegtuigie hanteer ongelooflik lekker. Dis só maklik, hy vlieg omtrent homself.”

Japie het die manne van Sling die beste toegewens: “Dis 'n wonderlike Suid-Afrikaanse produk van die hoogste internasionale standaard. Ek hoop hulle verkoop duisende hiervan.”

Die TSi se verkoopprys begin by R5,2 miljoen (met BTW). **LBW**



◀ binne 'n paar uur sal baasraak. “Dit is lekker vir iemand wat net een vliegtuig wil hê. Jy kan met hom op die plaas rondvlieg, maar jy kan ook ver vlieg. Hy is 'n ware *all-rounder*.”

Die High Wing se prys begin by sowat R6,3 miljoen (BTW ingesluit).

Wat van junior?

Die Sling TSi het vier sitplekke en het met sy lae vlerke 'n sportiewer voorkoms wat die avontuurlustige gees van Sling

se mense weerspieël.

Die standaardtenks van die TSi hou 198 liter, wat jou sowat 7,5 uur vliegtyd gee teen 'n stadige kruisspoed, maar die toetsvliegtuig het ook langafstandtenks van 250 liter gehad.

“Die TSi is 'n fantastiese vliegtuig. Sy brandstofverbruik, spoed en afstand wat jy kan vlieg, was my goed. Jy kan byna 8 uur met hom vlieg. Dis só goed, jou blaas gaan dit nie hou nie,” het MP de Jager laggend gesê.

Die TSi se laaivermoë het MP ook beïndruk. “Die vlieënier sê vir my hy het al teruggevlieg van 'n jagtog met 'n blouwildebees, vier rooibokke en sy bagasie in.”

Drinus van Zyl het sommer dadelik die kontroles oorneem tydens die toetsvlug. “Ons het lekker versnel op die aanloopbaan. Hy het 'n baie goeie *rate of climb* (klimtempo). Die brandstofverbruik wat ons teen 'n goeie spoed gekry het, was merkwaardig.”

Hy was ook vol lof vir die

DIE VLIEGTUIG

Sling High Wing

Dié vliegtuig word aangedryf deur 'n Rotax-turbo-enjin van 160 perdekrags (119 kW). Dit beskik oor 'n hidrouliese MT-konstan-tespoed-draaiskroef.

Dit bied die beste krag-tot-gewig-verhouding in sy klas. Dit het volle opstygkrag tot by 15 000 voet (4 572 m), met 'n maksimum hoogte van 23 000 voet (7 010 m).

Die High Wing se gebruiksvraglading is 483 kg, sy vliegafstand is 950 seemyl teen 75% krag met langafstandtenks, hy het 'n klimtempo van 800 voet per minuut en 145 KTAS (ware knopelugspoed). Hy verbrand brandstof teen 29 liter per

uur en sy vliegtyd is 7,5 uur.

Sy opstyg- en landingsafstand is albei 450 m.

Standaard-avionika is Garmin se 10-duim G3X Touch EFIS, gerugsteun deur die G5- elektroniese instrumentepaneel. Die pakket sluit geïntegreerde radio, outomatiese loodsstelsel, transpondeerder en Bluetooth-oudiopaneel in. Bykomende Garmin-navigasie en kommunikasie-toerusting is opsioneel beskikbaar.

Sy afmetings is: vlerkspan, 9,54 m; lengte, 7,19 m; hoogte, 2,83 m.

Sling TSi

Hierdie viersitplek-vliegtuig word aangedryf deur die Rotax 916 iS-turbo-enjin van 160 per-

dekrags (119 kW). Dit bereik 'n maksimum reïssnelheid van 155 KTAS op 9 500 voet (2 895 m). Die vliegtuig het 'n klimtempo van 1 200 voet (366 m) per minuut op seevlak en handhaaf volle opstygkrag tot by 15 000 voet (4 572 m), met 'n diensplafon van 23 000 voet (7 010 m).

Die vliegafstand strek tot 1 000 seemyl, met brandstofverbruik van gemiddeld 28 liter per uur. Die brandstofkapasiteit van 198 liter bied tot 8 uur vliegtyd teen 'n stadige kruisspoed. Met 'n gebruiksvraglading van 430 kg en maksimum opstyggewig van 950 kg kan die TSi vier insittendes met bagasie vervoer.

Die vliegtuig het dubbele kon-

trole, wat insluit die stok, pedaal, gasklep en remstelsels.

Die kern van die standaard-avionikapakket is die Garmin 10-duim G3X Touch EFIS, met G5- elektroniese vlugvertoning-rugsteun. Die installasie sluit geïntegreerde radio, outloodsstelsel, transpondeerder en Bluetooth-oudiopaneel-vermoëns in.

Die vliegtuig het 'n opstygafstand van 250 m en landingsafstand van 228 m.

Die High Wing en TSi het albei 'n BRS-valsfermstelsel wat in 'n noodgeval ontplooi kan word.

NAVRAE: E-pos: sales@slingaircraft.com of besoek slingaircraft.com